2

# Betrokkenheid by die gemeenskap
## **en die reg op gesondheid**



Toegang tot inligting

Toegang tot gesondheidsorg-dienste

Toegang tot geskikte behuising

'n Gesonde omgewing

Toegang tot maatskaplike sekerheid

Regverdige administratiewe optrede

Menswaardig-heid, gelykheid en lewe

Basiese onderwys

Vryheid en sekerheid van die persoon

Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening

laat jou regte vir jou werk

dit is werd om voor te veg

Staan bankvas en sterk

Goeie gesondheid is jou reg

CC BY NC SA

# Wat is die reg op gesondheid?

Die reg op gesondheid beteken die regering moet sekere dinge voorsien om seker te maak alle burgers van die land het 'n gelyke kans op 'n lang en gesonde lewe. Dit sluit die volgende regte in:

- dat jy kan leef in 'n veilige, skoon omgewing, met skoon water, 'n bevredigende huis, genoeg kos, 'n veilige lewe en onderwys.
- dat jy kan verwag en aandring dat daar mense en plekke is waar daar goed na jou gesondheid gekyk kan word.
- Alle mense – ryk én arm – het die reg om gesond te wees. Die reg om gesond te wees mag om geen rede van geen mens weggeneem word nie.

## Jy het 'n reg op gesondheid!

Die regering het die plig om jou te help om in 'n skoon, veilige omgewing te leef. Hulle moet seker maak jy kan gaan na mense en plekke waar daar goed na jou gesondheid gekyk kan word. Die regering mag nie net sê hulle sal probeer of hulle sal hulle bes doen nie. Hulle moet hulle plig teenoor jou nakom. (Lees weer pamflet 1: Die reg op gesondheid). Jy het die reg om van die regering antwoorde te eis as hulle nie hulle plig ten opsigte van jou reg op gesondheid nakom nie.

**Dit is wat 'n mensereg van ander versoeke vir diens onderskei!**

# Gemeenskapsbetrokkenheid



*Emma is verkoue. Sy gaan werk nie. Sy gaan na die plek waarheen die mense kan gaan wanneer hulle siek is. Dit word die gemeenskapsgesondheidsentrum (GGS) genoem. Die rye by die GGS is baie lank. Nadat Emma al ure lank gewag het, sê die verpleegster dat hulle nie nog meer mense op daardie dag kan help nie. Emma moet huis toe gaan sonder dat sy gehelp is, al het die burgers van hierdie land die reg om versorg te word wanneer hulle siek is. Dit staan in die Handves vir Regte dat ons hierdie reg het. Emma moet net so huis toe gaan, al het die GGS die plig om seker te maak daar word voldoen aan mense se reg op gesondheid. Emma kla by die mense wat by die GGS werk, maar niemand wil na haar luister nie.*

## Wat kan jy doen om seker te maak daar word aan jou reg op gesondheid voldoen?

Emma vertel haar vriende wat gebeur het. Hulle gesels weer met ander lede van hulle gemeenskap. Saam besluit hulle om hierdie reg op gesondheid te ondersteun en daarop aan te dring dat die regering hulle plig nakom. Die regering moet Emma en alle ander mense se reg op gesondheid beskerm en respekteer, en hulle moet seker maak daar word voldoen aan mense se reg op gesondheid. As 'n groep gaan Emma en haar vriende toe terug na die GGS. Daar dring hulle daarop aan om te gesels met die mense wat in beheer van die gesondheidsentrum is. Hierdie mense vorm die forum van die sentrum. Die forum aanvaar dat Emma die reg op behandeling het, en hulle gryp toe in om seker te maak Emma se regte word nie geskend nie. Hulle maak seker sy kry die regte behandeling vir haar simptome.

Die Handves vir Pasiënteregte verduidelik wat pasiënte se regte en verantwoordelikhede is. Dit leer ons dat die mense in gemeenskappe sterk, aktief betrokke, gereed en bereid moet wees om seker te maak daar word aan hulle regte voldoen. Die Handves behoort in alle hospitale en klinieke beskikbaar te wees sodat pasiënte dit kan lees.

## Hoekom moet ons saamstaan?

Toe Emma alleen was, wou niemand na haar luister nie, selfs al het sy en die mense met wie sy gepraat het, geweet sy het die reg op gesondheid. Soos 'n span perde voor 'n perdekar of 'n span werkers op 'n bouperseel sáám meer dinge kan regkry, werk dit ook vir ons beter om saam te staan wanneer ons vir ons regte veg. Om bewus te wees van hulle menseregte en te verstaan wat dit behels, kan mense en gemeenskappe help om die toestande wat hulle siek maak, te verander. Dit beteken mense moet praktiese dinge doen om hulle gemeenskap en omgewing te verander. Die regering het die plig om dit vir mense moontlik te maak om deel van hierdie proses te wees. Dit is deel van ons demokratiese reg.

## Wat kan gesondheidswerkers doen om seker te maak daar word aan jou reg op gesondheid voldoen?

Gesondheidswerkers – dit is die mense wat help om siek mense te versorg – kan jou help om mense van hulle regte bewus te maak. Deur saam met pasiënte vir hulle regte te veg kan hulle:

- aandring dat die regering aan almal genoeg hulp gee
- saamwerk om respek vir mekaar te hê en goeie kommunikasie tussen diensverskaffers en pasiënte te bou
- pasiënte help om al die inligting wat hulle nodig het, te kry
- foute en misverstande minder te maak
- seker maak mense se gesondheid word doeltreffender en bekwamer versorg.

Om te help om veranderinge aan te bring moet ons vry wees om met ander mense saam te kom en oor belangrike sake te gesels, om te se wat ons dink en glo, en om inligting te kry. Ons moet ook die kans he om vir die mense wat in hierdie land die besluite neem, te se wat ons glo en dink.


Ken jy die mense wat deel is van die forum wat jou gemeenskap se gesondheidsorg beheer? Tree met hulle in verbinding en leer hulle ken.









laat jou regte vir jou werk
dit is werd om voor te veg
Staan bankvas en sterk
Goeie gesondheid is jou reg

BY NC SA

Kontakbesonderhede vir meer inligting:

**The People's Health Movement**
Tel.: 021 9326042
Faks: 021 9327707
Url: www.phmovementsa.org
E-pos: PHMsouthafrica@gmail.com

**Open Democracy Advice Centre**

| | |
|---|---|
| Fisiese Adres: | 6 Spin straat, Kaapstad |
| Tel.: | +27 21 467 5673 |
| Faks: | +27 21 461 2814 |
| E-pos: | odac@opendemocracy.org.za |


1. Die reg op gesondheid
2. **Betrokkenheid by die gemeenskap en die reg op gesondheid**
3. Die Handves van Pasiënteregte
4. Individuele en gesamentlike regte in openbare gesondheid
5. Toegang tot inligting, en die reg op gesondheid en gesondheidsorg
6. Regte en hulpbrontoekenning

People's Health Movement
UNIVERSITY OF CAPE TOWN
Oxfam

Ontwerp en uitleg deur Designs4development, e-pos: info@d4d.co.za